

Verandering in die wêreld

"Suffering is actually at the heart of the Christian story." -Tim Keller

Verandering in die wêreld

Daar is 'n teenstrydigheid in feitlik elkeen van ons se lewe: ons hou nie van verandering nie en tog vind verandering feitlik voortdurend plaas. Al hou ons nie van verandering nie, besef ons dat as ons 'n verskil in die wêreld wil maak, is verandering onvermydelik. Verbetering vereis verandering, maar ware verandering is meestal moeilik en pynlik. Hier is ses aksiomas oor verandering:

- Die moeilikste model om te verander is die een wat werk

As iets werk waarom moet ons dit verander. Bill Hybels glo dat dit hierdie gesindheid is wat verhoed dat organisasies hulle volle potensiaal bereik. As die mure besig is om inmekaar te stort is almal gereed vir verandering. Dit is juis nie die beste tyd om te verander nie – die goeie mense het reeds gevlug en geld is skaars. As dinge goed gaan, is dit die beste tyd om te verander – en die moeilikste.

- Mense sal 'n wêreld wat hulle help maak het, steun

Niemand hou daarvan dat verandering op hulle afgedwing word nie – elkeen wil 'n stem hê. As jy groot veranderinge oorweeg, dink hieraan. Die sleutel is om mense toe te laat om te help om die wêreld te maak – die skyn van samewerking werk nooit nie. Niemand hou daarvan om gemanipuleer te word om dieselfde gevolgtrekking as die leier te maak nie. *Change created in isolation breeds revolt.*

- Niemand is so slim soos almal saam nie

Tensy God die antwoord in klip uitbeitel en dit aan die leier op die bergtop oorhandig, verbeter alle verandering met

insette. Nie groepdenke nie, maar terugvoer en insette uit 'n wye verskeidenheid van bronne. Met die sosiale netwerke is dit vandag maklik om insette te kry.

- Die mag van klein wen

Groot veranderinge verlam 'n organisasie; kleiner, bereikbare veranderinge bemagtig mense. Die groot prentjie is radikale verandering. Ons moet onself egter afvra: Wat kan ek oor die volgende vier weke doen wat 'n impak sal hê? Klein oorwinnings kan lei tot groot veranderings.

- Alles is 'n eksperiment

Jy moet altyd aanpas en verander. Voeg hier iets by; neem daar iets weg. Toets gedurig – miskien 'n nuwe tyd vir die erediens, miskien 'n addisionele erediens elders.

Hierdie ses aksiomas kom van Greg Sturratt. Ek sal eers meer moet dink oor party van hulle.